Publication: Rapport (Gauteng), First Edition

Date: Sunday, April 07, 2024

Page: 9

# Jooste se boedel: Hof gee dán uitsluitsel

**Julian Jansen**





**Van Berdine Odendaal (links) se huise op die Val de Vie-landgoed buite die Paarl in 2017.** | FOTO: ADRIAN DE KOCK

Die uitslag van die verhoor teen wyle Markus Jooste se kollega Stéhan Grobler in die internasionale Steinhoff-skandaal sal uiteindelik bepaal wat van Jooste se bates sal word waarop die Reserwebank in Oktober 2022 beslag gelê het.

Grobler, 'n voormalige uitvoerende beampte van Steinhoff, staan tans alleen in die beskuldigdebank nadat Jooste homself op 21 Maart langs die see in Hermanus geskiet het.

Volgens die Valke kan nog arrestasies volg.

Die Reserwebank het in 2022 'n hofbevel verkry om beslag te lê op R1,4 miljard se bates van Jooste se familietrust, Silver Oaks en Lanzerac Estate Investments.

Dit sluit in 'n boetiekwynkelder, Klein Gustrouw, in Stellenbosch, die inhoud van Jooste se huis in Hermanus, die trust en vyf voertuie.

Adv. Louis van Vuren, hoof- uitvoerende beampte van die Fidusiêre Instituut van Suider-Afrika (Fisa), sê die bates in 'n trust vorm gewoonlik nie deel van 'n gestorwene se boedel nie, tensy daar agterstallige lenings sou wees wat die trust aan die gestorwene geskuld het.

Enigeen kan 'n eis teen die boedel instel en die eksekuteur moet dan besluit watter eise toegelaat word.

Berdine Odendaal, met wie Jooste na bewering voorheen 'n affair gehad het, eis in die appèlhof in Bloemfontein dat die Reserwebank R150 000 per maand aan haar vrystel uit bankrekeninge waarop hy in 2021 beslag gelê het.

Odendaal woon nog op die spoglandgoed Val de Vie naby die Paarl.

Sy het hier verskeie eiendomme gekoop uit 'n "lening" van R60 miljoen wat Jooste se maatskappy Mayfair Speculators Edms. Bpk. tussen 2011 en 2015 aan haar toegestaan het.

Daar was geen geskrewe ooreenkoms tussen die twee nie.

Sedertdien het sy van die eiendomme en luukse voertuie verkoop en die opbrengste glo as terugbetalings aan Jooste gegee.

Odendaal besit ook eiendomme in die Mabalingwe-natuurreservaat in Limpopo en 'n huis in Pretoria.

Sy het in hofstukke gesê sy het die geld nodig om haar uitgawes te delg.

Dit sluit in: die versorging van haar perde (R70 000), kos, skoonmaakmiddels en toiletware (R10 000), haar- en gesondheidsorg en skoonheidsmiddels (R10 000), MultiChoice (R1 800), diere en korttermynversekering (R8 000) en verblyfheffings (R12 000).

Die Reserwebank staan Odendaal se aansoek teen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.